

28 April 2020

Geagte Offisier, Heemraad en Jeugvriend

SAS2 (Sentrale Administrasie Stelsel)

Ek wil graag begin en vra dat almal die dokument deurlees en nie net die administrasie van die kommando nie. SAS2 is vir almal.

Wat is SAS?

SAS is die Sentrale Administrasie Stelsel van Die Voortrekkers. Al ons lede se persoonlike inligting sowel as kentekens en toekennings verwerf en jare diens word op die aanlyn platform gestoor. Die stelsel is op Bitrix24 gebaseer.

SAS is egter baie meer as net 'n administratiewe stelsel

Moet jy op SAS wees?

JA. Elke volwasse lid moet op SAS geregistreer en 'n profiel geskep het. Hierdie is nie dieselfde as om 'n lidmaatskap vorm te voltooi nie. Indien jy nog nie op SAS geregistreer het nie, vra die AKL Administrasie om vir jou 'n uitnodiging na jou e-pos adres te stuur.

Wat bied SAS my?

Elke kommando is as 'n werkgroep op SAS geregistreer.

Wolk storing (bv. Dropbox) - Binne die werkgroep kan foto's wat outomaties met al die volwasse lede in die werkgroep gedeel kan word opgelaa word.. Dieselfde geld ook vir dokumente. Binne die dokumente "folder" word elke gebied se dokumente outomaties geplaas.

Aanlyn Dagboek – Die kommandodagboek word in die werkgroep gelaai. Jy het toegang tot die dagboek en kan ook jou persoonlike dagboek byhou op die stelsel. Indien jy graag enige ander kommando's, oorde, gebiede of die nasionale dagboek wil sien, kan jy dit eenvoudig by jou dagboek byvoeg.

Klets – Die kletsfunksie werk baie dieselfde as Whatsapp. Jy kan met enige persoon op SAS gesels, dokumente, videos en foto's deel. Die kommando se volwasse lede het 'n outomatiese kletsgroep en jy kan ook jou eie groepe maak. Die funksie kan ook gebruik word om video en klank oproepe te maak, en selfs 'n vergadering te hou.

Take – Elke persoon kan sy eie doenlysie opstel en afmerk, take kan gedeel word na ander persone in die werkgroep.

Waar leer jy hoe om alles te doen op SAS?

Die aanlyn platform waar jy al die handleidings kan kry is tans in die werkgroep SAS2 Handleidings. Besoek dit gerus om meer te leer hoe om alles te doen en nog meer.

https://sas2.voortrekkers.co.za/knowledge/group/knowledge_base/

Is SAS klaar?

Die stelsel is definitief nie klaar nie, en sal nooit heeltemal klaar ontwikkel wees nie. Die rede is dat die Voortrekkers vernuwe en soos wat ons verander kan ons die stelsel verander om by ons behoeftes te pas. Daar is tans baie meer funksies beskikbaar as wat almal kan gebruik. Die AKL Admin's word vertrouwd gemaak met die stelsel en dan sal dit ook vir die ander gebruikers oopgestel word.

Hulp benodig:

SAS Hulplyn

Elke gebied gaan hul eie hulplyn opstel wat die vrae in die gebied oplos, enige persoon wat deel is van die hulplyn kan dan die vraag beantwoord. Ons het mense nodig wat bereid is om hiermee te help. Dit behels dat jy die handleidings op SAS lees, en so bietjie rondspeel en saam met die span leer hoe SAS werk om vrae makliker te kan beantwoord.

Lede wat sukkel, vra die AKL Admin om jou te help. Indien die AKL nie regkom nie, kan die vraag gerig word aan die AOL of die Gebiedshulplyn. Slegs vrae wat nie hier opgelos kan word nie, word dan aan die nasionale stelseladministrateurs gerig. So word die werk verdeel en dit hang nie van een of twee persone af om die hele land se vrae te beantwoord nie.

Belangstellendes kan hul onderskeie Gebiedsektaris skakel vir meer inligting

KOERS

Dokumentasie

Die span is verantwoordelik om handleidings en hulpvideo's te maak, wat dan aan Die Voortrekkers beskikbaar sal stel.

Belangstellendes kan Jaco Erwee kontak by admin@vrystaat.voortrekkers.co.za

Ontwikkelingspan

Belangstellendes kan hul CV aanstuur na Waldi Blanché by waldemar@blacktielearning.com

Lae kode ontwikkeling

Dit beteken dat geen formele, tradisionele programmering op die SAS2 platvorm gedoen word nie. Die voordele van hierdie lae kode omgewing is:

- *Sodra tradisionele programmering gebruik word, het ons 'n afhanklikheid op gespesialiseerde en duur programmeerders.*
- *Deur altyd die "lae kode" filosofie te volg, kan enige lid met 'n basiese tegniese agtergrond vinnig geleer word om oplossings te bou.*
- *Dus kan die tegniese ontwikkelings span MAKLIKER binne die Voortrekker organisasie gewerf word.*
- *Nuwe ontwikkelings neem baie vinniger om uitgerol te word en gebruik dus minder energie en tyd as die tradisionele programmering.*

Ons soek persone wat bereid is om betrokke te raak met die ontwikkeling van SAS2. Omdat ons 'n "lae kode" filosofie volg, is dit makliker om 'n tegniese span saam te stel wat toekomstige SAS2 ontwikkeling kan doen. Die basiese profiel van groeplede is:

1. Hierdie groep hoef nie noodwendig IT mense te wees nie.
2. Die profiel van hierdie groep behoort soos volg te lyk.

Kapasiteit

Lede moet bereid wees om tussen 2 - 5 ure 'n week te gee as hulle deel vir die Voortrekkers.

Gewillig om te leer

Die lede moet altyd gewillig wees om nuwe tegnieke te leer. Die Bitrix24 omgewing word maandeliks

KOERS

vernuwe en dit is belangrik dat die ontwikkelingspan hiermee op datum bly. In die begin gaan van lede verwag word om op te lees oor:

1. Die Bitrix24 platform
2. Die Bitrix24 Open API
3. Die gebruik van Integromat
4. Die gebruik van Airtable
5. Die gebruik van Cognitiforms

Gewillig om in 'n span te werk

Hierdie sal die eerste span van sy soort wees met lede van verskillende tegniese agtergronde wat oor SA en Namibië moet leer om saam te werk.

Tegniese Agtergrond

Alhoewel geen tradisionele programmering agtergrond nodig is nie, is 'n basiese tegniese kundigheid wel belangrik. 'n Basiese agtergrond in die volgende areas sal lede help om vinnig op dreef te kom:

1. Basiese verstaan van databasisse, veral "cloud databasisse".
2. Agtergrond in die bou van basiese workflows of proses outomasie.
3. Die verstaan van basiese webontwikkeling.
4. Agtergrond in API ontwikkeling en die gebruik van JSON-kode.
5. Web-vorm ontwikkeling

Voortrekkergroete



Corlia Botha
HOOFSEKRETARIS

KOERS